*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*„Verbind mekaar se wonde," het 'n volksman kort ná die Rebellie gesê.*

# Die O.B.

*„Was af mekaar se modder," wil ons nou ná die afgelope verkiesing sê.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 7 JULIE 1043. No. 33.

# Afrikaners uit alle Groepe se Oë Gaan Oop vir Volksbeweging

## Verdere Blyke van Steun aan O.B.

**Dat daar groter belangstelling in die Ossewabrandwag gekom het as gevolg van die jongste ontwikkelinge op politieke gebied, is ook bewys by geleentheid van 'n vergadering van genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., voorverlede Saterdag op Barrydale. Daar was 'n goeie opkoms, en die vergadering is bygewoon deur 'n hele aantal belangstellende Afrikaners uit ander groepe en partye. Volgens die kommandant, komdt. G. Strydom, meedeel, het daar in die afgelope tyd 'n twintigtal mense by die Beweging aangesluit.**

Genl. Smith het die eenheidstrewe van die Ossewabrandwag behandel en daarop gewys hoe die volk uitmekaar geskeur is oor kwaadwillige aantygings teen die O.B.-leiding. Afrikaners wie se harte brand om bymekaar te staan, is uitmekaar gejaag met skinderstories. Spr. het voorgelees uit 'n onlangse uitgawe van die Kruithoring, strydblad van die H.N.P., waarin nog steeds beweer word dat die Ossewabrandwag met Smuts skakel. Vooraanstaande leiers van die Party verklaar egter nou dat dit nie waar is nie. **Hulle beroep hulle nou ap die vyandskap van die Ossewabrandwag teen Smuts om vir hulle te stem. Nou sien die mense deur watter onwaarhede hulle uitmekaar geskeur is.**

Kandidate wat voorheen niks anders as vyandskap teen die Beweging kwytgeraak het nie, loop nou oor met liefdebetuigings en vertel dat hulle niks teen die Beweging het nie. Hulle verwag dan dat die Ossewabrandwag sy steun aan hulle moet gee. Die Ossewabrandwag was nog altyd bereid om eenheid en samewerking tussen alle Afrikaners te bevorder. Dit is juis daarom dat die stryd teen hom aangebind is, **want wat dr. Van Rensburg op Elsburg gesê het — die oorsaak van die oorlogverklaring — was niks anders as 'n beroep op die volk om nie te skeur nie. Hy het gewaarsku teen die uitdrywing van sekere Afrikaners, en dit was sy sonde.**

Ook in hierdie verkiesing was die O.B. bereid om saam te werk, en hy het so 'n voorstel gedoen. Dit is egter nie deur dr. Malan aanvaar nie. Die verdeeldheid in die verkiesing kon verhelp gewees het as die aanbod aanvaar was. In plaas daarvan egter, lê dr. Malan aan sy kandidate 'n verklaring voor om te teken waarin hulle moet belowe dat hulle geen ondersteuners of lede van die Ossewabrandwag is of sal wees nie. Daarom sê spr. as 'n kandidaat verklaar dat hy niks teen die O.B. het nie, hy sy welwillendheid moet bewys deur weer by die Beweging aan te sluit. **Die O.B. steek sy hand uit. Dis vir hom om ook syne uit te steek.** As die Party verlang dat ons hulle moet help in die stryd teen Smuts, sê ons: „Goed ons wil julle help, maar help ons ook in ons stryd teen Smuts deur by ons aan te sluit, dan veg ons met geslote geledere saam," het genl. Smith verklaar.

Na afloop van die vergadering het iemand na die Generaal gegaan en homself as 'n Sap „van die ou soort" voorgestel. **Hy het verklaar dat hy nog nooit so 'n ordelike en broederlike vergadering bygewoon het nie.** Alles wat daar gesê is, kan hy ten volle onderskryf, want dit is waarna hy self altyd verlang het. **Hierdie persoon is een van honderde wie se oë in die jongste tyd begin oopgaan vir die groter idee van volkseenheid wat deur die Ossewabrandwag verkondig word, die idee naamlik dat die Afrikaner wat verkeerd stem, nader is as die Jood wat reg stem.**

## AFRIKANERS ONTHOU !

1. **Indien die Ossewabrandwag se verkiesingsaanbod aanvaar was, sou ELKE republikeinsgesinde Afrikaner teen Smuts gaan stem het.**
2. **Daar sou geen onderlinge stryd tussen Afrikaners gewees het nie.**
3. **Daar sou geen onderlinge verwyte tussen O.B.-lede gewees het nie.**
4. **Die aanbod van die Ossewabrandwag is geweier juis met die doel om 'n wig in te drywe tussen O.B.-lede wat wil gaan stem en O.B.-lede wat nie vir hul vyande wil gaan stem nie.**
5. **Die verkiesing was dus nie bedoel as 'n uitspraak teen die oorlog nie — want anders sou alle anti-oorlogskragte ingeroep gewees het — maar as 'n geleentheid om die Ossewabrandwag te vernietig.**

**Gaan u daardie doelstelling laat slaag deur u mede-Brandwag te verwyt? Stuur u verwyt aan die adres van hom wat u BELET het om saam met al u volksgenote teen die Empire-vyand op te tree.**

*DINK AAN 8 AUGUSTUS*

## KANDIDAAT VRA HULP

**Mnr. C. H. Geldenhuys, H.N.P.-kandidaat in Prieska, het die volgende telegram aan dr. F. D. du Toit van Zyl, Gebiedshoofgeneraal van Wes-Kaapland, gestuur waarin hy hulp van die Ossewabrandwag in die verkiesing vra:**

**„As vriend sal u nie generaal Witjek Burger Skansklip beïnvloed om te stem. Enige geval om nie sy Brandwagte van stemming te hou. Hy is vriend van my en het niks persoonlik teen my slegs so as hy beweer party vyandig gesind dankie by voorbaat groete."**

**Gebiedshoofgenl. Van Zyl het hierop as volg aan mnr. Geldenhuys getelegrafeer:**

**„Sal genl. Burger onmiddellik telegrafeer op ontvangs van 'n versekering dat u op eerste openbare vergadering sal verklaar dat aantygings van Party teen O.B. ongegrond was en dat u dr. Malan sal repudieer indien hy stryd teen O.B. voortsit."**

*DINK AAN 8 AUGUSTUS*

# Ossewabrandwag-Aanbod Staan nog

## Volksdemonstrasie van Prov. Verkiesing

**Die Ossewabrandwag laat hom van niks in die wêreld weerhou van sy volksplig nie — selfs nie deur die koppigheid van leiers nie. Daarom herhaal hy op die laaste dag van die parlementêre verkiesing sy aanbod insake 'n verkiesingsooreenkoms.**

**DIT IS NIE TE LAAT NIE!**

**Dit is nou wel te laat vir die huidige verkiesing, maar oor 'n paar maande moet ons volk weereens na die stembus gaan wanneer die Provinsiale Raadsverkiesings in die verskillende Provinsies afkom.**

**In die afgelope verkiesing is ons volk deur hardkoppigheid van leiers belet om in geslote geledere teen die vyand op te ruk. Die uitslag kan by voorbaat al aangemerk word as 'n nederlaag, want geen onderling-strydvoerende volk kan hoop om 'n vyand te verslaan nie.**

**Die uitslag van hierdie verkiesing sal op sy beste as volksdemonstrasie 'n mislukking wees. Dit is wel moontlik dat die H.N.P. sterker uit die stryd kan kom as wat hy voorheen gewees het, d.w.s. hy mag 'n paar setels meer as 39 wen. MAAR DIE VOLK GAAN SWAKKER UITKOM, want selfs al sou die H.N.P. SESTIG setels wen — wat 'n reuse-sukses vir die Party sal wees — SAL DIT NOG MINDER WEES AS WAT DIE GESAMENTLIKE OPPOSISIE VOOR DIE VERKIESING IN DIE PARLEMENT WAS. Voor die verkiesing het die Afrikanerdom 64 verteenwoordigers in die Volksraad gehad. Daarom sê ons dat die Afrikanerdom swakker uit die stryd sal kom, al sou die H.N.P. sterker daaruit kom.**

**LAAT ONS DIE OOG NOU NA DIE TOEKOMS WEND!**

**Laat dr. Malan nou die provinsiale verkiesing gebruik as 'n demonstrasie, aangesien hy in hierdie afgelope verkiesing sy sin gehad het. Laat hy die Ossewabrandwag se aanbod aanvaar sodat ons volk by die verkiesing oor twee maande hom eensgesind teen die oorlog kan uitspreek.**

**Die afgelope verkiesing was DR. MALAN se verkiesing! Kom ons maak die volgende verkiesing nou die VOLK se verkiesing!**

**DIE OSSEWABRANDWAG SE AANBOD STAAN SOLANK DAAR ALGEMENE VERKIESINGS PLAASVIND.**

## BRANDWAGTE BEDRYWIG OP STELLENBOSCH

Die geesdrif van Stellenbosch se Brandwagte (mans en vroue) brand nog hoog. Die oprigtingskoste van die vriendskapsentrum, wat tesame met die tee en suiker, iets meer as £111 beloop, is reeds byna gedelg. Totsover is reeds meer as £107 daarvoor ingevorder, terwyl die volle huurgeld van £48 per jaar belowe is.

Die totale opbrengste van die Noodhulpbussies, van 15 Januarie tot 12 Junie, was £48-0-11.

Die vriendskapsentrum is oop op Woensdae, Vrydae en Saterdae van 10—12 vm. en Vrydae 3—5 nm.

Teebediening vind plaas deur dorpslede en plaaslede lewer diens deur koekies te bak.

Eenmaal elke 14 dae gedurende Semesters vind Sangoefeninge plaas, en na afloop daarvan lesings. Gedurende die eerste helfte van die jaar is Volksvoedinglesings as ook demonstrasies oor slaai, lewer en aandgeregte gegee.

Daarbenewens kom die Brandwagte eenmaal per maand as werkgeselskappe bymekaar vir Fondsdag as ook vir onderlinge verkeer.

Die laaste Sondag van elke maand word geoffer vir die Noodhulpfonds.—(Meegedeel.)

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M .......................................................

.......................................................

116 Takke 44,000 Lede

**AVBOB**

Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

*RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.

*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*
*doen dit tog dadelik!*

*MôRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL**
**J. B. M. HERTZOG**

***'n Lewensgeskiedenis***

deur

**C. M. van den HEEVER**

★

Verskyn Eersdaags

★

Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6**

EN POSGELD 1/6

Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontantbestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**

Posbus 845. Johannesburg.

# *„Volk Bestaan nie uit Afsonderlike Geslagte Onder Aparte Dakke"*

## *Genl. Smith Skilder Vrou se Roeping*

**„Word die Ossewabrandwag as organisasie buite beskouing gelaat, vind ons dat die Afrikaanse vrou vir 'n baie groot gedeelte vandag nie in staat is om haar eie taak en roeping volwaardig na te kom nie," het genl. J. A. Smith, Adjunk-kommandant-generaal, verlede week voor die eerste Uniale Vroue-adjunkraad in Kaapstad gesê in 'n toespraak oor die posisie van die vrou in ons volksbeweging en volkslewe.**

Genl. Smith het verwys na die oorspronklike doel by die stigting van die Ossewabrandwag om alle volkskragte in te sluit. Terselfdertyd word daar by die herindeling van die Beweging tans rekening gehou met die natuurlike verskille wat in sekere opsigte tussen man en vrou bestaan.

Juis omdat hulle elk, behalwe 'n gesamentlike ook 'n onderskeie taak het of behoort te hê, maar saam aanvullend in die gesinslewe en dus in die volkslewe is, is hulle in die organisasie van die Volksbeweging, die Ossewabrandwag, integraal, onafskeibaar ingeskakel. **Hierdie inskakeling kan dus nie in losse, parallelle eenhede geskied nie, maar moet net soos in die gesinslewe tot 'n eenheid saamgevoeg bly.** Die eenheidskakels is nie parallelle skakels nie. Hulle is aanvullend slegs in sover hulle onderskeie take as man en vrou het; origens vorm hulle 'n onafskeibare eenheid.

As voorbeeld van hul aanvullende eienskappe en vermoë dien dat:

(a) Op grond van sy natuurlike aanleg behoort die opvoeding van die man veral daarop gemik te wees om gedissiplineerde manlikheid by hom aan te kweek en te ontwikkel, veral langs die weg van beoefening van beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, wat by uitstek sy drieledige taak is.

(b) **Op grond van haar natuurlike aanleg behoort die opvoeding van die vrou veral daarop gemik te wees om haar vroulikheid te ontwikkel en wel veral langs die weg van die beoefening van die versorging (veral in die sin van opvoeding), allereers van die gesinslewe en verder ook van die volksgenote wat in die een of ander sin of opsig hulp nodig het.** Dit is by uitstek die tweeledige taak van die vrou as vrou, in teenstelling met die man as man. **Maar origens is die taak van albei eenders — alles gesamentlik.** Net soos die vrou die siel van die gesinslewe is, moet sy langs die weg van versorging en opvoeding ook die siel van die volkslewe wees. Sy is dan die spil waarom die gesinslewe draai, terwyl die gesinslewe die spil is waarom die volkslewe draai. Wat daarbuite op politieke, ekonomiese of maatskaplike gebied aangaan, raak dus haar taak.

### VOLKSORG

Die vrou se verdere taak is dan geleë in die versorging en opvoeding van en hulpverlening aan die volksgenote wat in die een of ander sin of opsig hulp nodig het. Laat ons dit **volksorg** noem om dit te onderskei van die heersende liberalistiese opvatting van **maatskaplike werk.** Laasgenoemde opvatting kom daarop neer dat daar in die samelewing „sekere mense" of „individue" is wat „armblankes" of „onaanpasbares" genoem word. Hulle moet dan uit blote humanitêre goedhartigheid gehelp word. **Met volksorg aan die ander kant word bedoel dat daar volksgenote (d.w.s. lede van die volk) is wat besondere hulp nodig het omdat hulle, ten dele as gevolg van inherente swakhede, maar veral omdat omstandighede vir hulle ongunstig was, moeilikheid ondervind, wat hulle met die hulp van hul betergestelde volksgenote kan oorwin. Hierdie hulp word dan verleen in die diens van die volk en tot eer van God.** Dit is hierdie volksorg waarin die vrou buite haar eie gesinslewe haar grootste taak moet sien. Daaruit volg dan weer dat wat haar in hierdie wyere terrein verhinder, die gesamentlike taak van man en vrou is om uit die weg te ruim.

**Hierdie volksorg, soos dit onder Afrikaners nodig is, moet geheel deur Afrikaners behartig word en wel omdat die Afrikaner se moeilikhede die beste deur sy volksgenote begryp kan word en die sogenaamde maatskaplike werk, soos dit deur vreemdes gedoen word, die Afrikaner van sy eie volk vervreem.**

Voortgaande het genl. Smith beklemtoon dat die vrou buite die Ossewabrandwag vandag vir 'n baie groot gedeelte nie in staat is om haar roeping volwaardig na te kom nie. 'n Baie groot deel van ons vroue word deur ekonomiese en maatskaplike struikelblokke in die weg gestaan. 'n Ander groot deel het deur vreemde invloede en gemaksug so ontaard dat ook hulle nie in staat is om hul roeping te volbring nie. Die gevolg van dit alles is dat die grootste gedeelte van die beste kragte van ons volk verlore gaan, terwyl die groot taak van reorganisasie en rehabilitasie op die skouers rus van slegs enkele gewilliges wie se kragte nie altyd toereikend is om die groot verantwoordelikheid te dra nie. Die verdere probleem is dat die kragte van hierdie klein groepie boonop nog verbrokkel word deur die groot aantal organisasies en inrigtings wat oral gevind word.

### DIE IDEAAL

Met die oog op dit alles is dit duidelik dat daar 'n omvattende vrouevertakking van die Ossewabrandwag in die lewe geroep moet word. Hierdie vrouevertakking moet mettertyd alle vroue-organisasies beheer, daaraan rigting gee en uiteindelik in die nuwe staat heeltemal omsluit. In hierdie verband, het genl. Smith beklemtoon, moet groot nadruk gelê word op deskundigheid. Die vrou sal dus doelbewus en stelselmatig leidsters moet kweek wat ten volle in staat sal wees om die voortou te neem op die weg na die volksgesagstaat. Dit moet verder 'n grondbeginsel in die vrouevertakking wees dat elke vrou aktief in die praktiese werksaamhede van die Volksbeweging ingeskakel moet word, en waar moontlik spanwerk onderneem word.

Met betrekking tot die ander organisasies op hierdie gebied het genl. Smith gesê dat botsing vermy moet word deurdat O.B.-lede die volksorgidee daar moet oorplant. Teoreties mag sulke organisasies se oogmerke en dié van die O.B.-volksorg dieselfde lyk, maar prakties is dit teenstrydig.

Ten slotte het genl. Smith gewys op die groot verantwoordelikheid van die vroue wat leiding in die Volksbeweging moet neem. U is 'n taak toegewys groter en belangriker as dié van enige selfstandige vroue-organisasie. U is deel van 'n volksbeweging. U alleen kan die taak nie volbring nie. U het deeglik georganiseerde kragte nodig. Daarom word daar voorsiening gemaak vir die inskakeling van deskundige kragte vir die verskeidenheid van volksake. U het ook in alles die hulp van die manne en die manne die hulp van die vroue nodig. **'n Volk bestaan nie uit twee afsonderlike geslagte onder aparte dakke nie; man en vrou saam bring 'n gesin in die wêreld en gesamentlik vorm die gesinne die volk.** Die vrouevertakking van die O.B.-organisasie mag geensins op hierdie stadium waar samesnoering binne en onder gesag van die Volksbeweging nog geskied, tot 'n parallelle organisasie met enige mate van selfstandigheid ontwikkel nie. Hierdie organisatoriese eenheid en gebondenheid is **noodsaaklik totdat die gesag in dié** van 'n volkstaat oorgaan.

**„Dit is u taak om die vrou in die O.B. te laat voel dat die ideale staat nie bloot 'n ideaal bly nie, maar stap vir stap nader aan die werklikheid gebring word in hierdie dae van stryd, in hierdie donker uur — so donker omdat dit in hom hou die belofte van 'n komende daeraad," het genl. Smith ten besluite gesê.**

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# „Sal Ossewabrandwag Nie Vernietig" — Genl. Louis Bootha

## Wonderlike Geesdrif in Noord-Transvaal

Genl. Louis Bootha, gebiedsleier vir Gebied E (Witwatersrand) het in die afgelope paar weke uiters geslaagde toere deur Oos- en Noord-Transvaal gehad.

Ooral het hy wonderlike geesdrif vir die O.B.-saak aangetref. Die indrukke wat hy van O.B.-lede gekry het op die vergaderings wat hy toegespreek het en in persoonlike gesprekke is dat die Ossewabrandwag die enigste organisasie is wat die Afrikanerdom uit sy ellende kan red. Daar bestaan vir hulle niks anders as die O.B. nie. Genl. Bootha is dus daarvan oortuig dat die die Ossewabrandwag in daardie dele deur geeneen van die aanvallende magte beskadig kan word nie, hoe listig hul planne ook al mag wees. „Die Boere staan by hul oortuiging en niks sal hulle daarvan kan aflei nie."

Die Oos-Transvaalse toer het gegaan van Middelburg tot by Kaapmuiden. Genl. Bootha is op hierdie toer vergesel deur genl. Hendrik Neethling, van Lydenburg. Die opkomste was ooral baie goed en die mense het hulle groot opofferings getroos om van afgeleë plekke af die vergaderings by te woon.

Hierna het genl. Bootha na Noord-Transvaal gegaan waar hy ook 'n ongekende geesdrif aangetref het. Die opkomste was besonder goed as die uitgestrektheid van die afdeling in aanmerking geneem word. **Sowat 90 persent van die gehore het per donkie-, muil- en perdekarretjies na die vergaderings gekom. Ou ooms en tantes van oor die 70 jaar het meer as 30 myl per donkiekarretjie afgelê om die vergaderings by te woon.**

„Hierdie mense is volslae bittereinders. Hulle is klaar gesout teen enige aanvalle selfs van die mees geslepe kieme. Hulle leef net vir die Ossewabrandwag," aldus Oom Louis.

In die Pietersburgse distrik het Oom Louis vier vergaderings toegespreek en hy is ooral vergesel deur hoofkomdt. A. J. van Zyl. In Louis Trichardt en distrik is drie vergaderings gehou en hier is hy vergesel deur hoofkomdt. Smit.

Op 19 Junie het Oom Louis ook 'n vergadering by veldkt. Karel Coetzee, noord van Thabazimbi in Noord-Transvaal toegespreek. By hierdie geleentheid was ook teenwoordig genl. N. J. Roets, Rustenburg, hoofkomdt. J. F. Willemse, Leeuwpoort en komdt. A. F. H. du Toit, van Koedoeskop. **Sommige van die gehoor het meer as 100 myl daarvandaan na die vergadering gekom.**

Genl. Bootha het op al die vergaderings die verkiesingsaanbod van die Ossewabrandwag verduidelik en ons houding teenoor die verkiesing. Sy uiteensetting is deurgaans met instemming ontvang.

(Berig deur J. J. Piek, Spoorbondkasgebou, Johannesburg.)

# K.G. oor Mnr. Naudé se Versekering

**Hoewel dit reeds te laat is om enige invloed op die verkiesing uit te oefen, plaas ons onderstaande verklaring van die Kommandant-generaal in verband met Potgietersrust, terwille van die feite daarin vervat:**

„Daar is vir die O.B. geen stembevel — daar is geen stemverbod. Wel is daar leiding vir dié wat wil stem en vra hoe om te stem.

„Dit is: stem vir enige ordentlike anti-oorlogskandidaat, sonder aansien van sy party, wat die publieke versekering gee dat hy nie teen die O.B. opgetree het nie en nie bereid is om teen die O.B. op te tree nie.

„Dit is die verklaarde beleid, en daarby sal ons staan, ook in Pietersburg.

„Van die kandidate val een, die regeringskandidaat, buite die kwessie. Die twee ander is mnr. Naudé en mnr. Pauer. Sommige mense voel dat bloot weens sy H.N.P.-verband mnr. Naudé vanselfsprekend 'n vyand van die O.B. moet wees. In ons aangehaalde beleid word gepraat van 'n paar eerbare uitsonderings wat die publieke versekering gee dat hulle nie die O.B. beveg het nie en dit nie sal beveg nie. Hierdie versekering is deur mnr. Naudé publiek en skriftelik gelewer, en as self eerbare mense moet ons, ná ons gegewe beleid, aanvaar dat hy as eerbare uitsondering binne die bewoording van die aangehaalde leiding val. Die O.B. is nie woordbrekers nie.

„Aangaande die terugtrek van mnr. Wilhelm Neethling se kandidatuur in die strewe na 'n eenheidsfront, het gesiene Afrikaners van mnr. Naudé die gemelde skriftelike versekering gekry. Daarop het sy teen-kandidaat, mnr. Neethling, op my persoonlike wenk teruggetrek. Hy het onbaatsugtig en selfloos gehandel en die Beweging bly hom dank verskuldig. Ek het gevoel dat weens sy broederskap met prominente O.B.-offisiere, soos gewese hoofgeneraal Chris Neethling en hoof-generaal Hendrik Neethling, mnr. Wilhelm Neethling sê kandiatuur in wye, agterdogtige kringe as 'n O.B.-set beskou sou word, wat nie die bedoeling was nie. Mnr. Neethling se offer sal onthou word as blyk van selfverloëning.

„Onder die drie kandidate van Pietersburg, die here Naudé, Van Zyl Slabbert en Pauer, sien die O.B. net een vyand, nl. mnr. Van Zyl Slabbert.

„(Get. J. F. J. van RENSBURG.
(Leier van die Ossewabrandwag.)"

## JEUGOFFERS

Onlangs het die twee flukse Jeugfronters van Transvaal, Anna Schutte en Popsie Bothma, 'n konsert gereël, een pennie toegang gevra en 14/2 ingesamel vir die kindertjies van pappies wat in Koffiefontein se interneringskamp vir die Boerevolk dien. Mooi so, Anna en Popsie! Hierdie mooi voorbeeld sal seker deur honderde ander Jeugfronters gevolg word.

Die Jeugfronters van Petrusburg, seuns en dogters, het 'n klein verkoping ten behoewe van die gevangenes en geïnterneerdes se kinders gehou en het die bedraggie van £1-6-0 ingesamel.

Daniel Pretorius van Die Strand skryf dat hy onlangs op sy agste verjaardag £1 1s. ontvang het. Die hele bedrag stuur hy net so aan die Noodhulpfonds vir die kindertjies wie se pappies in die kampe sit.

Die makkertjies wat so onbaatsugtig is om selfs hul verjaardagpresente af te staan aan hul volksgenote wat deur die vyand verdruk word, besef miskien nie eers dat hulle besig is om 'n pragtige geskiedenis te skryf nie. En dit is ook reg, want 'n mens doen nie net 'n ding sodat dit deur ander onthou moet word nie — jy doen dit omdat dit jou plig is, al kry jy daarvoor nie eens dankie nie. Maar hierdie jeugoffers is geskiedenis omdat dit die eerste heerlike vrug is van die Ossewabrandwag se beleid van „ek is my broer se wagter". So sal ons ook eendag in ons nuwe staat vrywillig sorg vir ons volksgenote wat armer is as ons.

## INTEKENGELD VERHOOG OP DIE O.B.

**Intekenare op Die O.B. word hiermee in kennis gestel dat weens onvermydelike omstandighede intekening op Die O.B. vanaf 1 Julie 1943, as volg verhoog sal word:—**

**(1) Kommando-intekenare:— (D.i. intekenare wat deur die Kommando waaronder hulle ressorteer, inteken: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.**


**(2) Intekenare wat verkies om nie deur 'n Kommando in te teken nie, maar regstreeks deur Voorslag Edms. Bpk., 10/- per jaar.**


*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid
**Damesuitrusting**
by
**Steyns**
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
Die MODERNEWINKEL

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .*
Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente
G. C. du Plessis en Kie.
Môremark, JOHANNESBURG.
Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."
Skryf om besonderhede en adreskaartjies.
Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.

ONS MENSE.....

in die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin!
Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds
'n Sanlam-polis
SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

VAN ZYLS
HOOFSTRAAT, PAARL.
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Netjiese Snyerspakke en Jasse vir die Winter.
BESOEK ONS VIR U WINTERBENODIGHEDE.
'n Pragtige verskeidenheid Warmjasse, Oortrek-Jersies, Woltabberdstowwe, ens.
Skryf aan ons vir 'n Katalogus.
OOK OP — — — PORTERVILLE

## KOOP U EIE

| | |
|---|---|
| O.B.-Skryfblok .. .. .. | 2/6 elk. |
| O.B.-Musiekbundel .. | 2/6 ,, |
| K.G.-Portret .. .. .. | 1/- ,, |
| K.G.-Knopies .. .. .. | 1/- ,, |
| Vierkleur-Vlaggies .. | 1/- ,, |

## KENNIS IS MAG ! !

Lees:

(1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen .. .. .. .. 1/- elk.

(2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk 9d. elk.

(3) Drie toesprake van die K.G. oor
a. Parlementsverkiesing
b. Die Soldate
c. Die Kommunisme .. 9d. elk.

(4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. .. .. .. .. .. 6d. elk.

**OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:**

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) 9d. elk.
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat .. .. .. .. .. .. 9d. ,,
3. Toekomstige ordening van die Volksbeweging in S.A. 9d. ,,
4. Die Vooraand van ons Vrywording .. .. .. .. 9d. ,,

**Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.**

Bestel dadelik u voorraad by:—

**Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.**

**Posbus 4892, JOHANNESBURG.**

## O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

***Prys 2/6 Posvry.***

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

**Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.**

**Posbus 4892, JOHANNESBURG.**

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

DIE O.B., WOENSDAG, 7 JUL. 1943.

# Volk kon Eenheid Herwin het

Van die moontlikhede wat hierdie verkiesing gebied het om ons volk weer te verenig, kan enigsins 'n denkbeeld gevorm word as ons 'n terugblik neem van die afgelope verkiesingsveldtog. Voordat ons dit kan doen, moet ons net aanstip wat die oorsaak is dat ons volk hierdie stryd met verdeelde kragte aangepak het. Indien die verkiesing twee jaar gelede plaasgevind het, sou daar geen twyfel bestaan het oor wat die uitslag sou gewees het nie — die tussenverkiesing van Winburg, waar die O.B. sy gewig ingegooi, en die H.N.P.-kandidaat 'n meerderheid van 1,500 behaal het, bewys dit. Nog nooit was ons volk so verenigd en eensgesind as in 1941 toe die Ossewabrandwag soos 'n magtige vloedgolf voortgerol het na die vryheidsbestemming van die Boerevolk nie. Wat 'n demonstrasie van krag sou hierdie geesdrif wat Afrikaners by hul tientwintig- en dertigduisend na vergaderings laat toestroom het, nie in 'n verkiesing teweeggebring het nie!

Ons stel dit aan elke Afrikaner, partydig of onpartydig, om 'n gegronde rede te noem vir die vernietiging van hierdie geesdrif wat tot die algehele verbrokkeling en verwarring van vandag gelei het. As ons vandag terugdink aan die oorlogverklaring aan die Ossewabrandwag op 27 Augustus 1941, klink dit soos 'n nagmerrie uit 'n siekbed — so aaklig en onwerklik. **En watter rede kan daarvoor genoem word wat grondig genoeg is om op te weeg teen die vernedering wat ons volk in hierdie verkiesing met sy verdeelde en verwarde optrede ondergaan het? Watter rede?** Die ,,uitnodiging'' van dr. Van Rensburg op Elsburg aan adv. Pirow, die nasionaal-sosialis, om by die O.B. aan te sluit? **Maar H.N.P.-kandidate het adv. Pirow dan tydens hierdie verkiesing uitgenooi om saam met hulle op een verhoog te klim! Dit kon dus geen rede wees nie.**

Was dit dat dr. Van Rensburg met genl. Smuts skakel? **Maar mnr. Tom Naudé, hoofsweep van die H.N.P., skryf dan 'n brief kort voor die verkiesing aan dr. Van Rensburg waarin hy hom vra om hom tog teen Smuts te gaan help, en in daardie brief verklaar hy: ,,As jy my nie help nie, gaan die Sappe met die setel heen, en ek weet jy sal dit mos wragtig nie toelaat nie!''**

Die hoofsweep van die H.N.P. glo dus nie die storie dat die leier van die O.B. met Smuts skakel nie. Ook ander vooraanstaande leiers van die Party het hierdie aantyging nou kort voor die verkiesing as 'n onwaarheid en sotheid verwerp. Mnr. Werth het dit ,dom-onnosel' genoem en dr. Karl Bremer het uit protes teen die bewering as direkteur van die Kruithoring bedank. **En tog is ons volk opgeroep om sy Volksbeweging te bedank op grond van hierdie ,,skakeling''!**

Watter ander rede is aangevoer vir die vernietiging van ons volkseenheid? Vyandskap teen die Party? Ja dit is ook genoem as een van die redes en daarom moes alle amptenare en kandidate van die Party 'n eed neem waarin hulle voor die Almagtige sweer dat hulle nie lid of ondersteuners van die Ossewabrandwag is nie. En wat sien ons in hierdie verkiesing? **Het die Ossewabrandwag sy eie kandidate gestel in 'n poging om die Party te vernietig? Nee, hy doen 'n aanbod aan die Party dat hy dwarsdeur die land alle partykandidate sal steun indien die Party dit net vir hom moontlik sal maak deur alle onderlinge stryd teen republikeine te staak. Hierdie aanbod is nie aanvaar nie, en nogtans doen die K.G. 'n beroep op iede wat bereid is om te stem, om 'n sware offer te bring en teen die Empire te stem al is dit vir 'n kandidaat vir wie hulle geen respek en in wie hulle geen vertroue het nie! Dit is die antwoord van die Ossewabrandwag op die beskuldiging dat hy die party ondermyn.**

Het dit net by woorde gebly? Hoor maar wat H.N.P.-segsmanne sê van die hulp wat hulle van O.B.-kant ontvang het.

Adv. E. Dönges: ,,Onder die wat so veel, **is ook die lede van die Ossewabrandwag wat die volksbelang bo die tydelike belang van hul organisasie stel.''** (Die Burger 28 Junie.)

Die Volksblad: ,,Die antwoord op die roerende pleidooie het nie uitgebly nie, **want onmiddellik na die vergadering het die O.B.-vriende gekom en gesê: ,Ons is kop en pote by die H.N.P.'.''** (25 Junie, Rosendal.)

Die Volksblad: ,,'n Vriendskaplike en broederlike samewerking is verkry tussen die H.N.P. en ander volksorganisasies in Kestell. **O.B.-offisiere . . . het mnr. E. R. Strauss ontmoet en 'n vriendskapsband is gesmee tussen hierdie organisasies en mnr. Strauss.''** (25 Junie.) Dink verder maar aan die samewerking in Brakpan, Christiana, Losberg en talle ander kiesafdelings.

**Dit is die antwoord wat die Ossewabrandwag gegee het op die aanklag dat sy lede die Party ondermyn en dat hy daarom vernietig moet word.**

**En dit sou die antwoord dwarsdeur die land in elke kiesafdeling gewees het indien dr. Malan bereid was om die broederhand te vat wat na hom uitgesteek is. En watter eenheid sou nie daaruit gebore gewees het nie!**

In die kiesafdelings waar die Ossewabrandwag steun aan die H.N.P. verleen het, is dit gedoen **ten spyte van die feit dat die kandidaat vir wie hulle gestem en gewerk het, 'n verklaring moes onderteken waarin hy sweer dat hy alle betrekkinge met die Ossewabrandwag verbreek het en nooit weer enige betrekkinge daarmee sal hê nie! Wat sou die steun nie gewees het indien daardie kandidaat geen sodanige eed moes neem nie?**

Maar juis daarom en as gevolg van die verdeeldheid weens dr. Malan se weiering om saam te werk, het talle O.B.-lede geen nut nòg vir hul volk nòg vir hul organisasie gesien in die uitbreng van 'n stem nie. Duisende het eenvoudig buite stemming gebly en ons volk staan nog maar in dieselfde toestand van verdeeldheid as voor die verkiesing, met dié uitsondering dat ons meer geleenthede het om mekaar verwyte toe te slinger as voorheen.

**Indien die volk die geleentheid gehad het om saam te werk, elkeen in sy eie organisasie, sou uit daardie samewerking 'n eenheid gebore gewees het wat geen Empire-mag kon vernietig nie.** Maar nou bly daardie eenheid vernietig omdat sekere Afrikaners dit so gewil het — dieselfde Afrikaners wat twee jaar gelede die volk opgeroep het om te skeur omdat die O.B. ,,nasionaal-sosialiste uitgenooi het'', ,,met Smuts skakel'', en ,,die H.N.P. wil ondermyn''.

(Hoofartikel en alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe, tensy anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

# *Met Profetiese Oog is Volk na sy Nederlaag Gelei*

## OPROEP AAN GEBIEDE I/S 8 AUGUSTUS

**,,En hoor jy die magtige dreuning,
Oor die veld kom dit wyd gesweef,
Die lied van 'n volk se ontwaking
Wat harte laat sidder en beef.''**

**Weer bied 8 Augustus 'n geleentheid vir die vrou van vandag om ook haar offers te bring ter verwesenliking van ons volksideaal — 'n Christelike Nasionale Gesagstaat, en soos die vrou van gister te toon dat die onbreekbare volharding van die gemarteide vroue, wat nie alleen spruit uit 'n onwankelbare geloof in haar volk se toekoms nie, maar ook uit 'n vaste vertroue op haar God, nog bestaan.**

**Op 8 Augustus sal die vrou weer 'n geleentheid gegee word om te toon of die Ossewabrandwag nog steeds op haar kan staatmaak soos in die verlede. M.i. bestaan daar nie die minste twyfel nie dat sy weer 'n groot en aangename verrassing sal bring vir DIE organisasie, die Ossewabrandwag, wat alles veil het vir die Boerevolk en nie in die minste skroom om vir die volk se regte te stry en selfs te ly nie.**

**W. RÖSCHER,**
**Namens genle. K. Malan.**

Op 4 Januarie 1943 het die Kommandant-generaal namens die Ossewabrandwag 'n verklaring oor die verkiesing uitgereik waarin hy 'n aanbod tot samewerking gemaak het. Die voorwaarde wat hy gestel het, was dat die politieke partye 'n ooreenkoms aangaan **sodat hulle mekaar nie onderling beveg by die stembus nie.** Hierdie aanbod is skriftelik aan aldrie politieke leiers, insluitende dr. Malan, gestuur.

**Op 13 Januarie het dit in Die O.B. verskyn.**

**Op 26 Januarie** het dr. Malan 'n verklaring uitgereik waarin hy waarsku teen **onafhanklike kandidate** wat in die verkiesing hul verskyning sal maak. ,,Ons politieke teenstanders,'' so het hy in Die Burger van daardie datum verklaar, ,,sal niks onbeproef laat om ons die nederlaag te besorg nie. **Een van hul vernaamste middels sal hierdie keer stellig wees die stel van sogenaamde onafhanklike kandidate teenoor ons wettelike benoemde partykandidate,** en wel onder dekmantel van nasionalisme of republikanisme of wat ook al wat bereken mag wees om te mislei en te verbrokkel.''

Indien dr. Malan die aanbod van die Ossewabrandwag aanvaar het, sou dit onnodig gewees het om teen onafhanklike kandidate te waarsku, want as die vier nasionaalgesinde groepe 'n eenheidsfront gevorm het, sou niemand buite hul geledere gewaag het om hom as onafhanklike op te dring nie.

Dr. Malan se waarskuwing was dus bereken as **voorsorgmaatreël** teen die gevolge van sy **verwerping** van die eenheidsfront. **Op 26 Januarie het dr. Malan dus voorsien wat vandag gebeur, naamlik 'n warboel van kandidate kruis en dwars deur die land. Dr. Malan het dus op 26 Januarie besef dat daar kandidate teen sy ,,wettelik benoemde partykandidate'' gestel sal word as hy die aangebode hand weier.**

**Hy het dit nogtans geweier en daarmee het hy besluit dat die Afrikanervolk die verkiesing moet verloor.**

As sy koerante vandag die skuld op die onafhanklike en Afrikanerpartykandidate probeer pak, weet dan dat hierdie mense in meer as een kiesafdeling verkiesingsbeamptes sou gewees het van ,,wettelik benoemde partykandidate'' indien dr. Malan net die Ossewabrandwag se aanbod aanvaar het. Dr. Malan wou hul hulp nie gehad het nie, **en op 26 Januarie het hy al besluit om TEEN hulle in plaas van saam met hulle te veg.**

## ONHEILSPELLEND?

,,Ek voorspel dat as die verkiesing verby is en die Afrikanerdom het sy plig gedoen, die verkiesing sal blyk 'n stap vooruit te wees tot **werklike** hereniging en volkseenheid. Ek sal my en al my kragte **weer** beskikbaar stel om die Afrikanerdom bymekaar te bring, het dr. Malan op Heilbron verlede week gesê.

Dr. Malan se oorlogverklaring aan die Ossewabrandwag op 27 Augustus 1941 en die felle stryd daarna was alles, volgens sy opvatting van eenheid, stappe in die rigting van ,,ware'' volkseenheid — d.w.s. eenheid binne sy party.

Gaan hierdie stryd herhaal word?

Indien dit nie die bedoeling is nie — wat ons hoop — sou eenheid seker makliker verkry gewees het deur samewerking **tydens** die verkiesing, wat dr. Malan geweier het.

# 'N VOLK IN BEWEGING STEEK REG OP SY DOEL AF



*Toe ons voorouers besluit het om te trek na vryheid, het hulle nie die moeilikhede en struikelblokke wat in die weg gestaan het bereken nie. Hulle het getrek en was bereid om die prys te betaal al was dit in paaiemente van bloed. Hulle het betaal, maar God het hulle die oorwinning gegee.*

*Toe die organiseerders van die Simboliese Trek van 1938 besluit het om die kakebeenwaentjies na die noorde te stuur, het hulle nie teruggedeins vir die onenigheid en broedertwis wat daar toe as gevolg van die swart verkiesing van 18 Mei bestaan het nie. Hulle het die taak in geloof aangepak. Ons volk het in beweging gekom, bitterheid en broedertwis het agtergebly en soos een man het ons beweeg na die ideaal van Vryheid en Eenheid.*

*Uit hierdie beweging is die Ossewabrandwag gebore. Hy bereken nie, hy deins nie terug nie, want ons glo dat God die oorwinning sal gee aan hom wat werk en waag.*

*Op 8 Augustus herdenk ons die dag waarop ons volk in beweging gekom het! Kom vind weer besieling uit die verlede vir die toekoms!*

## VERJAARDAGKETTING

**8 Julie:** Kowie Lombaard (Paarl), Magdalena Kapp (Glenroy); **10 Julie:** Johannes Hendrik Blom (Merweville), Griesstoffel Jacobus Strydom (Tonasch), Anna Jordaan (Sutherland); **11 Julie:** M. C. Franken (dist. Caledon), Yvonne Marais (Southfield); **12 Julie:** Jacomina Johanna Zwart (Aughuabies), Jean Botha (George), Sophia Lutz (Paarl); **13 Julie:** Hendrik G. Fourie (dist. Mosselbaai), Marie Venter (Oos-Londen); **14 Julie:** Frans van Eck (Beaufort-Wes), Frans Marais (Knysna), Anna Susanna Snyman (Merweville), Helena Tredoux (Tiervlei), Kosie Linde (dist. Mosselbaai).

# Ossewabrandwag Beklemtoon Moed en Offervaardigheid van Volk

## Dr. Van Rensburg Skets Teenstelling met Partye wat op Agterdog Teer

**Voor 'n sametrekking van ongeveer 800 offisiere uit Noord- en Noordoos-Vrystaat, het die Kommandant- generaal, dr. Hans van Rensburg, Saterdagoggend, 26 Junie, in die stadsaal op Kroonstad weereens heldere leiding ten opsigte van die verkiesing gegee. Dr. Van Rensburg het by hierdie geleentheid ook die oorlog in die buiteland behandel, as ook die binnelandse stryd teen die O.B.**

Die Kommandant-generaal het ten aanvang melding gemaak van die feit dat hoofkomdt. Odendaal, van Kroonstad, tans deur die Empire-regering aangehou word. Maar soos dit al die gebruik by hierdie regering geword het, bly die aanklag ook in sy geval nog steeds uit. ,,Wat hoofkomdt. Odendaal gedoen het weet ek nie; ek haal egter my hoed vir hom af,'' het dr. Van Rensburg onder toejuiging verklaar.

Al wat 'n mens met sekerheid van die oorlog kan sê, is dat dit nie volgens plan verloop het nie; nie daar oorkant nie en ook nie hier teen die O.B. nie. Wat die oorlog in die buiteland betref, kan ons vasstel dat die nasionaal-sosialistiese gedagte en die Duitse troepe wat dit dra, ná 'n stryd van vier jaar oor die hele Europa lê. Die Duitse oorwinnings van die afgelope drie jaar is nou besig om te kristalliseer.

Wat kom weet ons nie, behalwe dat daar volgens die pers en radio 'n groot inval in Europa gaan plaasvind. ,,Ek neem aan dat die inval gaan kom. Dit sal egter die laaste troefkaart wees. As dit 'n inval bly, sal ons moet sien wat daarvan word, maar as dit 'n uitval word, dan weet ons ook wat is wat,'' het dr. Van Rensburg onder gelag verklaar.

**Ook die stryd teen die O.B. het nie volgens plan verloop nie. Na drie jaar van onafgebroke vervolging en belastering het ons die toestand dat jong seuns gewilliglik tot 36 jaar tronkstraf aanvaar, nie met 'n weeklag nie, maar met 'n vasberade ,,Lank lewe die Ossewabrandwag''!**

Toe die K.G. voorts melding gemaak het van die 14 manne wat 'n tydjie gelede uit die Johannesburgse Fort ontsnap het, het dit die toejuiging van die gehoor uitgelok. ,,Volgens die pers is 13 van hulle — 'n ongelukkige getal vir die speurdiens — nog op vrye voet. Die Ossewabrandwag wens die manne alles wat goed is toe''.

Dr. Van Rensburg het daarop gewys dat die ontsnaptes nie misdadigers is nie. Nog geen aanklag is teen hulle ingebring nie. Hulle en baie ander gevalle is dít geweier waarop selfs elke kaffer reg het, nl. om binne 48 uur voor die hof te kom. In sommige gevalle is die manne tot 6 of 7 maande in die selle aangehou sonder om aangekla te word en sonder om selfs hul prokureur te mag spreek. Hulle moes hongerstaak om die Regering te dwing om hulle aan te kla, d.w.s. om 'n reg te kry wat enige kaffer het. **Volgens die pers is een van die persone wat aangehou was, uitgelaat op borgtog van slegs £10, en dit ná daardie beesagtige behandeling.**

,,Vir die behoud van my eie selfrespek is ek dankbaar dat ek die Departement van Justisie verlaat het voordat dr. Colin Steyn daarin gekom het,'' het dr. Van Rensburg verklaar.

**,,Ek noem hierdie gevalle van verset net om u te wys op die gees wat in die vier jaar in ons volk binne die O.B. ontwaak het. Ek kan nog baie gevalle noem, b.v. Elsabé Nel, Koppie Kruger, Winterbach en andere.''**

,,As hierdie Beweging onder slegte leiers so kan ontwikkel, hoe sal hy dan nie met goeie leiers wees nie,'' het die K.G. onder groot gelag opgemerk.

,,Die Ossewabrandwag sal voortbestaan ondanks veldmaarskalk Smuts, ondanks dr. Malan en ondanks enig iemand anders'' (dawerende toejuiging).

### PARTYSTELSEL

Die Kommandant-generaal het voorts die partystelsel met sy verdeeldheid behandel en daarop gewys hoe Afrikaners van alle partye mekaar in die O.B. leer ken en leer saamwerk het. Wat die verdeeldheid met die huidige verkiesing betref, moet die volk nie dink dat dit met die volgende verkiesings onder die partystelsel moontlik anders sal wees nie.

Onder die partystelsel probeer die regerende party sy posisie handhaaf deur enersyds vleispotte en andersyds vrees vir die kiesers voor te hou. Die opposisieparty lê weer klem op die wantroue en agterdog in die kieser se hart. **Die O.B., daarenteen, lê klem op die moed en offervaardigheid van die volk.**

**Die teenstanders van die O.B. weet dat sy beginsels gesond is en daarom probeer hulle die mense afrokkel deur lasterveldtogte en stories van skakel met Smuts, omkopery, ens. Hul pers is op die oomblik stil, tot ná die verkiesing.**

Dr. Van Rensburg het vervolgens verwys na die artikel in Die Kruithoring, amptelike mondstuk van die H.N.P., van 8 Junie onder die opskrif ,,Dienaars van die Vyand''. ,,Skakels met Veldmaarskalk Smuts''.

**,,Omdat ons weier om onafhanklike kandidate, mense wat téén veldm. Smuts staan, aan te val, skakel ons met Smuts, volgens die blad. Maar as dr. Malan in sy kiesafdeling onbestrede deur veldm. Smuts ingelaat word, dan skakel hy nie.''**

Verwysende na die bedanking van dr. Karl Bremer as direkteur van die blad nadat sy aandag op die gemelde artikel gevestig is, het dr. Van Rensburg gesê: ,,Die voorsitter van die Party bedank van die direksie van die mondstuk van die Party en disassosieer homself met die leier en sekretaris van die Party, m.a.w. hy ontken dat die skakel-storie waar is. **Maar as dit nou nie waar is nie, dan was dit mos destyds ook nie waar nie. Waarom moes broers en susters, vaders en seuns dan met daardie storie uitmekaar geskeur word?''** (Uitroepe van afkeuring.)

,,Welke geloof kan die volk hê in 'n leiding wat hom uitmekaar gepluk het met lasterstories? U het 'n plig teenoor u volk om toe te sien dat daardie dinge nie langer aangaan nie''. (Toejuiging.)

Die Kommandant-generaal het toe die inhoud van die verklaring i.v.m. die verkiesing behandel en weereens beklemtoon dat dit geen bevel aan O.B.-lede is hoe om te stem nie. Dit is slegs bedoel as leiding vir diegene wat om leiding vra.

Genl. Japie van der Merwe, leier vir die Vrystaatse gebied, het die vergadering gelei.

In die middag het genl. dr. P. J. Bothma, waarnemende Finansiehoof van die Ossewabrandwag, die offisiere toegespreek oor die reorganisasie van die O.B.-finansies en ook die doel en werking van die Sentrale Vryheidsofferfonds verduidelik.


Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook
Patriot

**Sluit nader aan**





**BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS SLUIT NADER BY MEKAAR AAN —**

stuur u produkte en vee aan u eie bemarkingsorganisasie. Ons lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees . . . As u ons dienste eenmaal getoets het, sal ons u steun blywend verwerf.

**VOLKSKOPER MARK BPK.**

Mõremark — Foon 34-1442 — JOHANNESBURG — Newtown — Wolhuterst. 62

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

**,,Die Gedissiplineerde Afrikanerdom''**

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

**Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.**

**Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.**

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf Vertoning.)*

***Vanaf 28 Junie tot 9 Julie in Oos-Transvaal.***

***Vanaf 10 Julie tot 20 Julie in Noord Transvaal.***

Let op vir Plakate en Aankondigings in die ,,Die O.B.'' wanneer u dorp besoek word.

# Elke Burger in Diens van die Volk

## Arbeid die Enigste Weg na Volkswelvaart

**(D.L. 7/43)**

Ons het reeds nagegaan hoe die mens alleen langs die weg van die skeppende en pligsgetroue arbeid waaragtige adel kan verwerf en dat die welvaart en selfstandigheid van die huisgesin alleen deur die getroue en volhardende arbeid van die broodwinner verseker kan word. Die laaste en belangrikste betekenis en taak van die arbeid moet nou nog behandel word, t.w. **arbeid as volksdiens.** Elkeen van ons leef in 'n bepaalde volksverband en ons arbeid is slegs 'n broodwinning in soverre dit noodsaaklik is om elke lid van die gesin in staat te stel om sy/haar plig teenoor die volk na te kom.

Slegs deur die nougesette en onvermoeide arbeid van elke volksgenoot kan 'n volk se welvaart verseker word, kan 'n volk groot en sterk gemaak word. Dit is nie goud en edelgesteentes wat 'n volk se rykdom is nie, maar wel die skeppende arbeidsvermoë van sy burgers. By gebrek aan goud is 'n volk nie tot ondergang gedoem nie. Immers, 'n volk kan ten spyte van sy rykdom aan goud en edelgesteentes ten onder gaan weens die verwaarlosing en uitputting van sy gesonde arbeidskrag vir die gewin van kapitalistiese uitbuiters. Suid-Afrika lewer 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Elke volkslid moet besef dat hy/sy deur sy/haar besondere arbeid, hoe nietig dit ook al mag blyk, bydra tot die instandhouding van die volkslewe, tot die behartiging van volksbelange en die skepping van 'n beter toekoms vir ons volk. Daarom mag ons geen arbeid verfoei wat die belange van ons volk dien nie. Die O.B. wil nie alleen ons volk nasionaal selfstandig maak nie, maar ook sosiaal selfstandig. Elke volksgenoot het aanspraak op 'n menswaardige bestaan.

**Dit is dus vanselfsprekend dat die arbeid van die volk allereers vir die lede van die volk bestem is. Eers wanneer elke volkslid van 'n arbeidskring verseker is, kan van die dienste van vreemdelinge gebruik gemaak word.** Vergelyk die toestand onder die huidige stelsel waar vakmanne uit die buiteland ingevoer word, terwyl duisende van ons landseuns werkloos is of ongeskoolde arbeid moet verrig by gebrek aan die nodige geleentheid om as vakmanne opgelei te word. Dieselfde geld ten opsigte van die nieblanke arbeid in ons land. Elke volksgemeenskap moet sy eie arbeid self verrig. 'n Volk wat nie sy arbeid self verrig nie, neem af in arbeidsaamheid en dissipline en sal nie op die lange duur kan stand hou nie.

### WEDERSYDSE PLIG

Op elke arbeidsrype en arbeidsgeskikte volkslid rus die **plig** om sy volk deur sy arbeid te dien. Vir luiaards, werkskuwes en jeugdige renteniers is daar geen plek nie. Diesulkes moet in arbeidskampe aan hul plig herinner word. Maar elke arbeidsgeskikte volkslid het ook die reg om in 'n behoorlik besoldigde arbeid ingeskakel te word, **en dit is 'n volk se plig om toe te sien dat elkeen in staat gestel word om sy/haar besondere gawes en talente tot uiting te bring in skeppende arbeid in die rigting waarvoor hy/sy die beste aanleg besit. Die nodige opleidingsgeriewe en beroepsvoorligting moet vir elke volkslid beskikbaar wees.** Ons opvoedingswerk aan die kind is nie voltooi voordat hy bekwaam is om 'n beroep volgens sy besondere aanleg te beoefen nie. Ons hele vakleerlingstelsel sal dus radikaal hersien moet word. Weens die gebreke in ons huidige bedryfsopleidingstelsel en die tekort aan geskoolde werkers sal ons Gesagstaat arbeidslaers moet inrig vir die opleiding van vakmanne.

Die Ossewabrandwag eis van ons dat elkeen ons volk moet dien tot die laaste asemtog toe. Ons mag ons nie by voorbaat blind staar op die pensioen wat ons as „afgeleef" („retired") vanaf die 60e jaar gaan trek nie. Ons hoef ons nie oor ons oudag te bekommer nie, want aangesien ons in diens van ons volk staan, het die volk 'n plig teenoor ons as ons op ons oudag nie in staat is om te werk nie en oor te min inkomste vir 'n menswaardige lewensbestaan beskik. Ook as ons deur siekte verhinder word om te werk of as ons deur tydelike werkloosheid of deur arbeidsongeskiktheid nie 'n heenkome het nie. Hiervoor hoef nie „sosiale beveiligingskodes" opgestel te word nie. Dit is 'n vanselfsprekende plig wat geen volk en staat kan ontduik nie. **Sosialisme word nie in kodes of programme op papier vasgelê nie. Dit is nie 'n produk van die brein nie, maar 'n produk van die hart, van die gees. Dit is 'n lewensgesindheid wat alle handelinge en optrede moet deurstraal.**

Ten einde die volle ontplooiing van alle arbeidskragte in diens van die volk te verseker en om die hele volk tot arbeidsdiens op te voed, moet die arbeidsgemeenskap deeglik georganiseer word. En hierdie organisasie geskied binne die Volksbeweging wat die volk in al sy aktiwiteite in beweging bring en in beweging hou na sy eindbestemming.

Dit moet egter duidelik verstaan word dat as ons praat van arbeidsorganisasie dan bedoel ons nie die huidige vakbondstelsel met sy klasseskeiding in werkgewers en werknemers nie, elkeen met sy afsonderlike organisasies wat voortdurend in botsing met mekaar verkeer en na willekeur die ekonomiese lewe deur stakings kan lam lê. Die O.B. erken geen klasseskeiding nie. **Vir ons is elkeen wat in diens van die volk staan 'n arbeidsverrigter of arbeider. Dit maak nie saak of hy 'n predikant, spoorwegwerker, padwerker, mynbestuurder, fabrieksbaas, tremwerker, dokter, advokaat of wat ook al is nie. Die aard van die arbeid maak geen verskil nie. Slegs die wyse waarop elkeen sy arbeid verrig is van beslissende betekenis.**

### ARBEIDSGENOTE

Ons volk is in sy wese 'n arbeidsgemeenskap . Ons is in die arbeid van mekaar afhanklik. Die meeste dinge wat ons gebruik en geniet is produkte van die arbeid van andere. Volksgenote is dus arbeidsgenote: almal het aandeel aan dieselfde volksarbeid. Die arbeid van die volksgemeenskap maak dus een omvattende geheel uit met gespesialiseerde dog samehangende arbeidsvertakkings, t.w. die onderskeie bedrywe of beroepe. Almal wat in 'n bepaalde bedryf of beroep werksaam is, sowel werkgewers as werknemers, is deelhebbers aan die besondere arbeidsverrigtings binne die volkslewe en word as sodanig georganiseer. **By voorbeeld, al die volksdienende mynbase en mynwerkers word gesamentlik in die mynbedryf georganiseer. Deur middel van hul organisasie werk die mynwerkers dan saam met die bestuur van die betrokke myn en gee wenke aan die hand vir die verbetering van arbeidstoestande of produksiemetodes. Arbeidsgeskille wat nie deur die gesamentlike optrede van base en werkers besleg kan word nie, word aan die beslissing van 'n spesiale Arbeidshof onderwerp. Die organisasie van die arbeid geskied ook op die gesags- en leierskapbeginsel.**

In die volkslewe kan ons op grond van die aanleg en behoeftes van die mens vier hoof-bedrywe of arbeidsverbande of volksfunksies onderskei, t.w. die staatskundige en regsfunkie, die Geestelike-intellektuele en Opvoedingsfunksie, die Maatskaplike Omgangsfunksie en die Ekonomiese funksie.

Met die groei en ontwikkeling van 'n volk kom egter 'n verdere spesialisering in die bedryfs- of arbeidslewe tot stand. In die staatkundige en regsverband onderskei ons tussen deelhebbers aan die staatsadministrasie, staatsorganisasie, regsvorming en regshandhawing, die polisie en verdediging. In die geestelike-intellektuele en opvoedkundige verband onderskei ons tussen deelhebbers aan die eie lewensbeskouing-vorming, kunsskepping, wetenskap en onderwys. In die maatskaplike omgangsverband tussen deelhebbers aan maatskaplike versorging, ontspanningsdienste en gesondheidsdienste; en in die ekonomiese verband tussen landbou, bosbou, veeteelt en vissery; kredietverskaffing; nywerheid; distribusie (handel) en vervoer en kommunikasie.

### TWEE WORTELS

By die organisasie van die Volksbeweging word uitgegaan van die standpunt dat die mens in twee natuurlike lewenskringe binne die volkslewe verkeer, t.w. binne 'n **gesinsverband** en binne 'n **arbeidsverband.** Aan die een kant geskied die organisasie op die **saamwoonbeginsel** en aan die anderkant op die **saamwerk-beginsel.** In soverre die Volksbeweging die volksgemeenskap as 'n gesinseenheid (of nasionale eenheid) verteenwoordig, is dit die draer van die volksbeleid of volkspolitiek soos dit wortel in die volksaard, volkstradisie en volksbestemming. In soverre die Volksbeweging die volksgemeenskap as arbeidseenheid (of sosiale eenheid) verteenwoordig, is dit die draer van die volkswelvaart wat met die natuurlike welvaartsbronne van die volk saamhang. Albei hierdie vertakkings vorm egter 'n onskeibare eenheid onder die hoofleiding van die Volksbeweging.

Die Kommando-organisasie van die Ossewabrandwag waarin man, vrou en kind hul onderskeie taak vind, vorm reeds die kern van die gesinsvertakking van ons Volksbeweging en deur die onlangse uitbouing van die Ossewabrandwag tot die omvattende Volksbeweging van die Afrikanerdom is ook voorsiening gemaak vir die organisering van die arbeidsvertakking. Hierdie taak word tans aangepak. Elke volksgenoot kan natuurlik in albei vertakkings van die Volksbeweging opgeneem word, want as lid van 'n gesin word hy in die kommando-organisasie ingesluit en as lid van 'n bepaalde arbeidskring word hy ook in die arbeidsvertakking opgeneem.

(Dienslaerstukke word opgestel deur die Kultuur- en Voorligtingsafdeling van die O.B., Posbus 8262, Johannesburg.)

## O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

**KAAPLAND TOT 30 JUNIE.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. | 8,007 | 1 | 6 |
| Paul Kruger, Grobblershoop .. .. | | 7 | 6 |
| J. D. Josling, Upington .. .. | | 4 | 9 |
| Weduwee Stellenbosch .. .. .. | 8 | 0 | 0 |
| Veldskoenkring Oudtshoorn .. .. | 3 | 16 | 3 |
| Tiervlei Manne-Kommando .. .. | 2 | 7 | 6 |
| Christiaan de Wet M.-Kom. .. | 5 | 7 | 0 |
| Penkop Jackie Theron, Strand | | 1 | 0 |
| Robertson Vroue-Kom. .. .. .. | 3 | 18 | 0 |
| Penkop Danie Pretorius, Strand | 1 | 1 | 0 |
| Vriendskap Sentrum, Stellenbosch | 15 | 1 | 2 |
| Vriend Kaapstad .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Penkop Willem Burger Montagu | | 5 | 0 |
| P. J. Gunter en Seun, Villiersdorp | | 10 | 6 |
| | £8,048 | 11 | 2 |





'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ....................

Naam ....................

Adres ....................

(O.B. 7 Julie 1943)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

